BELLPARK
LAERSKOOL PRIMARY SCHOOL

GROEI • GROWTH

BELEIDSDOKUMENTE

TAALBELEID

NO. A2/06/2015

1. Inleiding

Die Laerskool Bellpark se taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika**, Wet 108 van 1996; die **SA Skolewet**, Wet 84 van 1996; die **Wet op Nasionale Onderwysbeleid**, Wet 27 van 1996; toepaslike wetgewing oor skoolonderwys; **regspraak van Suid-Afrikaanse howe**; die **Internasionale Konvensie** met betrekking tot die Regte van Kinders; die "**African Charter** on the Rights and Welfare of Children"; die **Norme en Standaarde vir Taalbeleid** in Openbare Skole (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die **Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.**

2. Faktore wat in ag geneem is met die opstel van die beleid

- Die belange van die leerders.
- Die belange van die skoolgemeenskap.
- Die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is.
- Die vermoë van die skool.
- Die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik.
- Internasionale beste praktyk m.b.t. klasgroottes en taal in onderrig met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig.

3. Onderrig en eksaminering

Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens geskied in die tale van onderrig van die skool.

4. Beleid oor onderrigtaal

Die skool is 'n dubbelmediuminstelling. Die tale van onderrig is Afrikaans en Engels.

Die keuse van onderrigtaal moet aangedui word wanneer die leerder aansoek doen om toelating tot die skool.

5. Bevordering van veeltaligheid

Die skool bevorder veeltaligheid deur, benewens die onderrigtale in ander vakke, ook Afrikaans en Engels as volwaardige taalvakke by die skool aan te bied.

Dit geskied as volg:

Tale wat as volwaardige vakke aangebied word:

- Afrikaans/Engels as Huistaal
- Afrikaans/Engels as Eerste Addissionele Taal

Elke opvoeder by die skool doen redelike stappe om leerders oor die belang van veeltaligheid in te lig en om respek vir ander tale buiten die huistaal en/of onderrigtaal te bevorder.

Goedgekeur deur die Beheerliggaam op ..... 2015·09·15 .....

.....
Voorsitter van die Beheerliggaam